UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP

### 3.1 Inleiding:

Soos in die vorige hoofstuk beskryf, is synsvolheid leef-uit-synsbevraagdheid[1], dus sluit dit ook in 'n bewus-wees van lewenseise en 'n opgeroep word tot toereikende antwoorde. Nou is dit moontlik dat daar 'n samehang sal bestaan tussen synsbevraagdheid en selfkennis as selfbegryping, veral as laasgenoemde gesien word as 'n wete van wat die eie synsbevraagdheid inhou.[2] Toenemend word dit as opgawe aan die mensekind gestel om deur die sinvolle beantwoording van sy eie bevraagdheid, toenemend die sin van sy eie daar-wees in die wêreld te begryp[3] en ook te beoordeel.

Egte selfkennis is om kennis te hê van begrypbare wesenhede, dit wil sê begryping van die mens wat hy werklik essensieel <u>is</u>. Die mens in sy Mitwelt (met-sy-medemens-in-die-wêreld) kom tot selfbegryping deur die ander wat eintlik 'n begryping is vanweë waardeoordele van die ander as besondere verhouding van die met-mekaar-wees. Die selfbegryping wat hieruit voortvloei is oorwinning oor die introspeksie en kan lei tot eksistensiële selfbegryping wat berus op die onties gegewe openheid van die mens en nie op toevallighede nie.[4]

Sinvolheid-van-bestaan stel dan aan die volwassene die eis van <u>kritiese selfbeoordeling</u> aan die hand van <u>waarde oordele</u> wat in toenemende mate in sy lewe vergestalting vind, en moet lei tot selfbegryping en tot die wete dat die eerste plig van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die mens teenoor homself is om tot sedelike selfkennis te kom. Die antropologiese grondvraag van Kant naamlik: "wat moet ek doen om as mens gereken te word", word dan sinvol en word dan ook opgawe tot bepaling van die self[5] met sy positiewe moontlikhede, swakhede of gebreke. Langeveld sê: "Voor zyn 'aanleg' is hy niet verantwoordelijk, voor zijn opvoeding ook niet, maar wel - en in toenemende mate naar gelang hy volwassen wordt - voor wat hy zelf van zichzelf gemaakt heeft met die aanleg en met die opvoeding."

Dit sal afhang van die waardes waardeur hy sy lewe laat beheers en van die verantwoordelikheid wat hy op hom neem vir die in-diens-stelling van sy persoon en sy besondere kwaliteite,[6] aan homself en sy medemens. Die waardes wat hy so in eie lewe poog te verwerklik word ook aangewend in die beoordeling van die self. Hierdie selfbeoordeling en selfwaardering geskied aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waarde voorkeur, dus deur die kritiese aanwending van norme op grond van eie insig en kennis van goed en kwaad, en is dus wesenlik sedelike beoordeling.

Sedelike beoordeling en selfs veroordeling van die afkeurenswaardige in eie lewe kan lei tot self-ingryping en 'n verandering in lewenswyse en impliseer dat die mens aan sy eie menswording moet werk.[7]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.2 Selfbeoordeling en selfbegrip : Beskrywing en uitleg.

Langs fenomenologiese weg het Kriek gepoog om die essensies van hierdie doelstruktuur aan die lig te bring. Die volgende hoofmomente is onderskei: Self-wees, selfbegrip as opgawe, selfbeoordeling, persoon-wees-interpretasie en selfbegrip-integrasie.

Na dié mate wat die mens van sy eie ek as self bewus word, na dié mate sal hy 'n voller lewe kan leef as lewe uit die wete van eie bevraagdheid en deur sinvolle beantwoording deur krities teenoor homself te staan en homself ook sedelik te beoordeel.[8] Deur 'n kontinue akt van selfbeoordeling en selfbetragting kan die mens 'n toereikende greep op sy eie in-die-wêreld-wees kry waardeur hy sy eie toekomsmoontlikhede duideliker sal kan begryp en in toenemende mate sal kan realiseer.[9]

3.2.1 Self-wees:

Self-wees beteken om egte bewussyn van die eie persoonwees of die persoonlike ek te besit.[10] Self-iemand-wil-wees is 'n antropologiese oerfeit. Elke mens is 'n besondere mens, dit wil sê hy is verskillend van ander mense, 'n unieke persoon met 'n eie gewete (Langeveld).[11] Hy beskik oor 'n ontologiese begronde reg om indiwidu te wees. Hy is aangewese tot verwerwing van 'n eie unieke wyse van in-die-wêreld-wees. Hy het as opgawe konstituering van die eie individualiteit, om sy persoon-wees in steeds groter mate te verwerf.[12]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy wil nie net self word nie; hy moet self word op grond van sy bevraagdheid as mens.[13] Hy het 'n hunkering daarna om sy syn te vervul, om sy digniteit te lewe. Dit beteken dat hy as opgawe het die vervulling van sy syn en die verwerkliking van waardes. Dit is eksistensiële vervulling en sluit agting-vir-eie-digniteit in.[14]

Omdat die mens persoon is, is hierdie iemand wat hy wil wees, iemand wat iets op 'n bepaalde plek, tyd en manier doen.

Dié self-iemand-wil-wees word dus verwerf op sy eie unieke wyse van in-die-wêreld wees, van sy persoon-wees as iemand wat sy genormeerdheid, aange-sprokendheid en ontmoetingsverantwoordelikheid besef, beleef en leef.[15]

Daarmee is die normatiewe as handeling onder die gesag van norme meteens aanwesig. Daardie iemand wat hy egter wil wees, moet hy self word. Hy moet self handel in die bewandeling van sy weg. Hy moet selfbepalend optree; moet sy eie wet-gewer en veral self wetsgehoorsaam word.[16]

Langeveld skryf "dat wij de opvoeding 'innerlik', d.i. door het kind als subject, overgenomen willen zien ...... juist omdat wij de ander het leven mogelijk willen maken met ons samen en eventueel buiten ons". Die vryheid wat die kind is lei tot eie taakaanvaarding en tot selfopvoeding wat nie louter gehoorsaamheid en konformisme beteken nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kind moet self lewe, self iemand word en self kies - na die mate van sy wordingsniveau en sy bekwaamheid. Selfverantwoordelike selfbepaling bly die kern van volwassenheid.[17]

Egte selfkennis is dus (soos reeds genoem) om kennis te hê van wat die mens werklik essensieel is in die sin van sy daar-wees. Sodanige begrypbare wesenhede dien as maatstaf en norme om die self beter te begryp deur norme aan te wend. Die self kan dus as 'n normatiewe begrip gesien word.[18] "De zelfkennis blijkt uit de zekerheid en de juistheid waarmee iemand dié handelwijze kiest, welke in overeenstemming is met zijn geestelijke en lichamelijke vermogens. Uit zelfkennis kan levensplan volgen. Indien en voor zover dit kiezen van het gedrag ook zedelijke normen volgt, vorm zich het geweten ...... In het geweten immers kiest of verwerpt de mens die daden, welke hij wel of niet tot zichzelf wil rekenen."[19]

Normaanwending en normeerbiediging dui op waardebepaling wat van sedelike aard is en wel sedelik goed- of afkeurenswaardig.[20] Die mens vind dade goed of sleg in sedelike sin, behoorlik of onbehoorlik, lofwaardig of afkeurenswaardig[21] en beoordeel dit ook só in homself. Vind hy die afkeurenswaardige, veroordeel hy dit in homself en is hy in staat tot selfingryping. Die mensekind is dus betrokke by sy menswording as 'n eksistensieel - eties-normatiewe aangeleentheid.[22]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volwassenheid dui ook op 'n eksistensiële uittrede uit en gerig wees op, met 'n ope staan vir die gesag van norme wat die mens oproep om anders te handel,[23] om onvoorwaardelik gehoorsaam te wees aan die gesag van bepaalde norme. Hierdie betrokkenheid by menswording is pedagogies gesien, 'n betrek-word by norme en 'n steeds gedyende betrek-wees as meerdere vergestalting van hulle opeisende krag en gesag.[24]

Wanneer die kind sy beskermde gebondenheid aan die norme <u>tydens</u> sy <u>persoonsidentifikasie</u> oorwin, behou hy sy gebondenheid deur homself <u>in 'n steeds toenemende mate</u> te bind aan die eise waarmee hy steeds gebonde moet bly, dus <u>self-binding</u> as oergebondenheid.[25] Hy laat hom bind ten einde heer van sy vryheid as basis van sy wil en kneg van sy gewete te word.[26] Hy sal toenemend gekonfronteer word met goed en kwaad en moet leer onderskei daartussen. Hy sal hom toenemend moet identifiseer met sekere gedragings- en waarderingswyses en vroeër of later die konsekwensies vir sy gedraginge self dra.[27]

Die mens, as persoon, staan daarom in gehoorsaamheid aan die gesag van die norme en moet die <u>self</u> as normatiewe begrip sien. Hy <u>doen</u> dus wat hy <u>behoort</u> te doen.

Die self-iemand-wil-wees by die kind dui op toekomstigheid, maar steeds van toekomstigheid-in-genormeerdheid.[28] Die volwassene se self-wees is 'n konkrete eksistensieel-etiese subjek-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tiwiteit[29] wat verplig is om tot selfkennis te kom.[30] Van sy eie self, menswording en persoonwording, van die vryheid wat hy is, kan niemand hom berowe nie. Daarom is dit dat hy steeds tot eie verantwoordelike selfbepaling, houdingname en tot eksistensie by magte bly.[31]

Om self te wees, individu te wees, is alleen moontlik in relasie met die medemens in die wêreld en word bevestig deur agting vir die self en vir ander.[32] Van Wijngaarden noem geestelike selfstandigheid 'n in-staat-wees tot "positiekeuze ten aanzie van zichself, de anderen, de ander en de zin van het lewe", "dus als een eigen positiekeuze in de onvermijdelijke afhankelijkheid waarin[33] men leeft," en posisie-keuse verg selfbeoordeling en selfbegrip.

Selfbegryping as begryping van wat die eie synsbevraagdheid inhou ten einde in synsvolheid te eksisteer, kan nou as werklike essensiële tipering van menswees beskou word en daarom kan opgawe-tot-selfbegryping as aksiologies-etiese kategorie oorweeg word.[34]

3.2.2 Selfbegrip-as-opgawe:

Selfbegrip-as-opgawe sluit in selfbetragting[35] aan die hand van waardeoordele wat 'n mens uitspreek [36] en hierdeur word hy in toenemende mate by magte om die eie toekomsmoontlikhede te begryp en geleidelik in toenemende mate te realiseer.[37]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eksistensiële selfbetragting sluit ook behoorlike betragting van die eie normatief-normerende wêreldverhoudinge of dialoog in. So kom die mens al hoe meer tot 'n suiwerder begrip van homself. Dit sluit selfagting en agting vir die digniteit van ander in. Omdat die mens as persoon geen ekwiwalent het nie en geen geld sy innerlike waardebesit kan koop nie, is hy waardigheid en waardigheid sluit ook in beoordeling van die self in die lig van besondere waardes.

Hierdie selfbetragting lei tot begryping van sy eie normatief-normerende gesitueerdheid en aangesprokenheid tot stellingname as 'n persoonlike aktiewe kritiese stellingname teenoor homself, sy eie moontlikhede, begaafdhede, verantwoordelikhede, begrensinge en beperkinge.[38] Ook Perquin beweer "Wij spreken dus van volwassenheid in stricte zin wanneer de ware zelfstandigheid is bereikt en de mens tot een persoonlijke stellingname in staat is, wanneer hij bindinge kan aangaan van een onbaatzuchtige gerichtheid op anderen of het andere, wanneer hij ook waarden aanvaard heeft, die zelfstandigheid en overgaven eisen."[39] Elders noem Perquin as essensies van volwassenheid "selfstandigheid, stellingname, waarderinge, allerlei bindingen (gebonden-syn of zichzelf kunnen binden").[40]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Wijngaarden sê dat te midde van en ten spyte van die menslike gesitueerdheid in die groep, die mens sy geestelike selfstandigheid moet behou en homself en ander krities moet beoordeel, dus trou bly aan eie opvattinge. Hy noem ook dat psigiese-volwassenheid afgemeet word aan die wyse waarop iemand die opgawe en "probleme die zich ..... voordoen hanteert", en dit blyk uit die psigiese aspekte nl. aanvaarding van die self, van die andere (medemens), die ander (bv. huweliksmaat) en van die sin en doel van die lewe.[41] Van Dooren stel dit dat opvoeding die mens moet voer tot eksistensiële volwassenheid d.w.s. "tot eigen oordeel en verantwoordelijkheid."[42]

Persoonlike, aktiewe, kritiese stellingname is dus nodig vir die mens ten einde homself te ontmoet, te aanvaar en te begryp as mens-in-genormeerdheid, dus as persoon, dus as bewuste, weloorwoë, selfversekerde wat sy lewe op 'n bepaalde wyse inrig volgens vaste menings en oortuiginge ook wat die politiek en godsdiens betref. Die ideaal is die "integreren van alle levensfacetten in een harmonische persoonlijkheid."[43]

Selfbetragting is moontlik omdat die mens <u>selfbewussyn</u> het. As synde-in-openheid staan die mens nie bewus in homself nie, maar selfbewus agter homself. Hy kan hom van homself distansieer deur te weet waar hy is en wat hy is. Selfbewussyn is egter nie net afstandsbewussyn

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie, maar ook behoorlikheidsbewussyn. Hy is bewus van wat en waar hy behoort te wees. Dit beïnvloed sy keuses en beslissings.[44] Omdat hy bewussyn en selfbewussyn is, is hy draer van 'n fundamentele normwet van wat behoort te wees. Agter elke keuse en beslissing skuil 'n besef van wat behoort te wees en waaraan hy hom uit hoofde van die eise van die vryheid gebonde moet ag.[45] Die mens is sy dade. Elke daad moet opnuut gekies en verantwoord word dus sedelik beoordeel word.[46]

Selfbetragting lei tot selfverheldering en tot só 'n helder beeld van homself dat dit moontlik is om aan die sin van sy daar-wees te werk en tot werklike selfbegrip van sy eie wêreldverhouding en eie gesitueerdheid te kom. Die slagspreuk, "Ken jouself!" lei tot selfrefleksie oor vroeëre gedraginge en teenswoordige houdinge.[47]

Selfkennis is nie alleen kennis van fisiese hoedanighede nie, maar veral kennis van wat die plig inhou. In die jeugjare word met meer erns krities na die sin van die lewe, eie bevraagdheid en eie aandeel aan sinvolle taakverrigting gesoek. Die jeugdige word ook bewus van moontlikhede wat nie almal verwerklik kan word nie, terwyl aan die ander kant verwagtings vir die toekoms gewek word. Hy het nood aan selfkennis. Hy moet homself leer ken.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy moet leer om sy eie onafwendbare tekorte en teleurstellings te aanvaar,[48] om homself, te aanvaar en dit verg **o.a. selfbeoordeling.**

Die mens moet sy selfkennis, die begryping van wat hy werklik essensieel is, toenemend en voortdurend verwerf. Hy moet weet wie hy is en watter fundamentele waardes en waarhede hom dra en rig. Die idee wat hy van homself het sal slegs betekenisvol wees as hy sy ervaringe interpreteer aan die hand van verantwoorde waardeoordele en dit lei slegs tot selfkennis en betekenisgewing deur sinvolle interpretasie en beoordeling van sy ervaringe.[49]

Die mens is verplig om homself te ken maar ook om homself te aanvaar indien hy tot getroue pligsvervulling by magte wil wees en aldus tot selfverwesenliking wil kom. Die volwassene vra: Wie is ek en wat is my plig? Daar is dus sprake van selfkennis as kennis van plig. Om menswaardig te lewe moet die mens ook homself word en aanvaar as mens met **tekortkominge** maar ook met moontlikhede. Die aanvaarding van homself word nie eenmalig voltrek nie maar moet telkens opnuut herbevestig word.[50] Veral in krisis-situasies sal van 'n mens vereis word om sy eie begrensdheid, beperktheid en die onvermydelike situasies waarin hy hom bevind te aanvaar en daarmee iets te maak.[51] Selfaanvaarding in lewe en dood is nodig. Jung sê: "Zij die het leven niet aandurven, durven de dood ook niet aan."[52]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die mens is dus verplig om homself te beoordeel.

3.2.3 Selfbeoordeling:

Selfbegryping as kontinue selfbeoordeling vereis kontinue selfwaardering aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waarde-voorkeur.[53] Vanweë selfbewussyn is die mens gedurig besig met selfbeoordeling en word hy in toenemende mate by magte om die toekomsmoontlikhede van homself-in-genormeerdheid te begryp en steeds in 'n toereikende mate te realiseer.

Indiwiduele selfverwerkliking vereis 'n persoonlike gewetensbeslissing om in toenemende mate sy geworpenheid op homself te neem sodat sy geërfde moontlikhede gekose moontlikhede word. As aangesprokene word die mensekind ook in toenemende mate verantwoordelik om sy positiewe moontlikhede ten volle te laat gedy. Deur die gewete is die mens ook in staat daartoe om in elke konkrete situasie waarin hy verkeer duidelik aan te voel wat goed en reg is, dus wat behoort te wees. Hy kan 'n sedelike oordeel oor homself en sy lewensplan uitspreek waardeur die sinvolheid van die eie keuses en handelinge in die lig van sy lewensplan moontlik word.[54]

As waardebepalende wese geskied die selfbeoordeling dan deur normaanwending, dus is dit werklik essensieel sedelike beoordeling.[55] Gekonfronteerd met die normatiewe is die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot-spreke-bring en tot-spreke-kom van die betekenis van norme in mensebestaan veral met betrekking tot duursaamheid, betroubaarheid, suiwerheid, onskendbaarheid, geldigheid, noodwendigheid en sinvolheid.[56]

Met die deurbreking van die gerigtheid van die bewussyn tot die betekenis van die gesag van norme vind 'n oopstelling vir die onvoorwaardelike geldigheid van die gesag van norme plaas, gepaard met spontane bereidwilligheid om nie juis anders nie, maar beter op die ingeslane weg te volhard. Die norme as rig- en meetsnoere vir die lewe van keuses staan helder en geldend in die blikpunt van die totale bewussyn. So kan die mens tekens van waaragtige berou toon en selfs daarna hunker om die toevoeging van 'n hoeveelheid verdiende leed te ondergaan. Hy staan minstens afkeurend teenoor die gebeurende en daarmee sedelik beoordelend in dubbele hoedanigheid: eerstens sedelikafkeurend teenoor homself met gebruikmaking van suiwer sedelike norme en dan geleidelik suiwerder wordende sedelike norme en juister beoordeling[57] totdat daar die allerduidelikste deurbraak en behoorlikheidsbesef moontlik is. Gepaard hiermee gaan die fundamentele sekerheidsbelewing dat die mens leier van sy eie lewe is, bewus van goed en kwaad, die behoorlike en onbehoorlike, die wil om anders te kies en handel,[58] want as sedelike wese beskik hy oor keur- en kiesvermoë. Selfbeoordeling is werklik essensieel sedelike beoordeling en het te doen met die verwerkliking van die hoogste moontlikheid van die wese van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mens wat as sedelik verskyn en bevestig word deur die gewete.[60] Dit gaan oor die sedelike oordeel wat 'n algemene verskynsel in die geestelike bestaan van die mens is, dit wil sê dat die mens goed en afkeur in soverre hy beoordeel, en wat die mens goed en afkeur in soverre hy beoordeel en beoordeel word. Maatstawwe word aangewend in die beoordeling en norme word betrek wat gerugsteun word deur die uitspraak en oortuiging wat hy oor die wese van die mens het.

Omdat die volwassene oor sedelike selfstandigheid beskik en in besit is van verowerde en aanvaarde meet- en rigsnoere kan hy bekwaam en bereidwillig wees om op verantwoordelike en toerekenbare wyse self te kies en aan die keuse uitvoering te gee. Hy doen dit op grond van eie kennis en insig in goed en kwaad, dus deur in vryheid selfbepalend op te tree.[61] Hy is by magte tot aktiewe en kritiese selfbeoordeling in die lig van behoorlikheidseise en die gewete wys hom die weg tot betroubare en pligsgetroue taakverrigting.

Uitspreek van sedelike oordele:

Langeveld wys daarop dat die mens by magte is om 'n sedelike besluit te neem. "Wil hij dit kunnen, dan moet hij goed en kwaad kennen" en dit is nie 'n kwessie louter net van konvensie of willekeur nie maar die mens is 'n indiwidu in die eenheid van sy persoon wat sedelik genormeerd is.[62]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As moontlikheid binne synsongeslotenheid is hy vryheid en kragtens die vryheid wat hy is, is hy subjek en daarby subjek-as-persoon. Deur sy vryheid is hy omstellingsmoontlikheid; hy is eksistensie en daarmee geen loutere so-moet-wees nie, maar 'n anders-kan-word, vanweë 'n anders-behoort-te-word. Sy vryheid wat hy is, is sy gawe-met-opgawe. Dit is ontologies maar moet eties verwerf word. Hy moet in die diens van die vryheid te staan kom.[63] Dit is 'n relatiewe vryheid wat verwerf word en waardeur die mens ook sy eie wêreld verower waarin hy homself geplaas sien teenoor 'n hiërargie van waardes. Hierdie sedelike vryheid bereik volle wasdom wanneer dit deur die vryheid van keuse heengaan en 'n skeppende sig-verbind-tot word. Dit impliseer opneem van verantwoordelikheid en lei daartoe dat die mens homself as persoon in sy menslike waardigheid bevestig,[64] en uiteindelik bekwaam is tot persoonwees-interpretasie.[65]

3.2.4 Persoonwees-interpretasie. Die mens beskik oor die moontlikheid tot kritiese interpretasie omdat hy persoon is en oor 'n kritiese gewete beskik waardeur hy as persoon sy begaafdhede kan interpreteer in ooreenstemming met sy roeping. Dit gaan gepaard met 'n behoorlike wilsgerigtheid waardeur hy sy eie positiewe moontlikhede behoorlik kan implementeer en tot volle gedying kan voer. Alle bruikbare moontlikhede moet tot optimale ontplooiing kom "zoals dit verwag kan word" (van Dooren).[66] Die mens beskik egter ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor negatiewe moontlikhede en voltrek ook dikwels die radikaal ontoelaatbare en afkeurenswaardige,[67] in sy dade, sy houdings en skeppinge.[68] Wat nou van hierdie tekortkominge, veral as dit 'n nie-wil-voldoen aan die behoorlikheidseise is nie en ook ongevoelig-wees vir behoorlikheidseise is? Die mens moet sy tekortkominge (die afkeurenswaardige) kan interpreteer en beoordeel om sy eie waarde en waardigheid as persoon te ontdek, te begryp en te handhaaf deur dit aanhoudend te verower om so die normbeeld van volwassenheid in sy lewe te vergestalt.[69]

Die mens is menslik omdat hy menswaardig is, die draer van waardigheid en omdat hy 'n met-waardes-gemoeide wese is wat die moontlikheid besit om waardes te verwerklik en tot gedying te bring deur te antwoord op die wekroep en opdrag om te word wat hy behoort te wees.[70] Deur die wording en gedying van sy positiewe moontlikhede kan hy waardes in sy lewe verwerklik om so in die diens van die waardigheid waarvan hy draer is, te staan.[71] Die mens as ontiese ongeslotenheid, is onvoltooide moontlikheid, inisiatief van verhoudinge tot 'n wêreld waarin hy kies en waardeur hy gekies word.[72] Deur wilsvryheid kan hy sy positiewe moontlikheid dan tot ontplooiing bring en as intensionele wese is hy ingestel op verowering, verandering, bemeestering en omstelling van sy wêreld.[73] Sy moontlikhede is opdrag en appél.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Solank die mens <u>mens</u> is, is sy wording nie ten einde nie maar is hy oop vir moontlikhede en ontplooi hy nie alleen sy voorgegewe wese nie maar gryp hy bo homself uit na die onbereikbare.[74]

Die mens as persoon wat vryheid-tot-verantwoordelikheid is, is dus in staat daartoe om as eties-eksistensiële subjektiwiteit tot selfbeoordeling, sedelike beoordeling en persoon-interpretasie te kom.

3.2.5 <u>Selfbegrip-integrasie</u>:

Daar is 'n noue verband tussen persoonwees-interpretasie en selfbegrip omdat persoonwees-interpretasie die moontlikheidsvoorwaarde is tot integrasie met die opgawe aan die mens om dit te word wat hy behoort te word, om waardes te verwerklik en iets van sy moontlikhede te maak omdat dit vir sy sinvolle menswaardigheid noodsaaklik is.

Van Wijngaarden beskou persoonlike selfstandige keuse as die belangrikste keuse van menssyn,[75] waardeur die indiwidu te midde van die gesitueerdheid in die groep sy geestelike selfstandigheid behou en homself en ander krities kan beoordeel, trou kan bly aan eie opvattinge en tot werklike eie menings en stellingname kan kom. Verder is dit 'n opdrag om die eie wese te bepaal en te kom tot selfaanvaarding in lewe en dood. Jung: "Zij die het leven niet aandurven, durven de dood ook niet aan."[76]

Wie die lewe dus wil aandurf, vind homself in 'n dinamiese situasie en "dit heeft tot gevolg dat de mens steeds voor onverwachte, tevoren niet voorspelbare situasie-wijzigingen komt te staan" waarin die volwassene "zich steeds adequater kunnen verhouden tot steeds complexer wordende omstandigheden in een problematische omgewing." Daarom is nodig 'n steeds "toenemende differentiatie in de perceptie van zichzelf en zijn omgeving." Dit is dus duidelik dat die mens sy eie aandeel aan die leefwêreld nie alleen moet ken nie maar tewens voortdurend moet bevestig en telkens opnuut moet bepaal ook in die juiste verhouding tot ander.[77]

Selfbegrip-integrasie sluit ook in <u>integrasie met behoorlikheidseise</u> sowel as met <u>handelings-eise</u>. Namate die selfkennis verdiep, na dié mate sal hy die eise van sy handelinge uit die leefwêreld (bv. beroepseise, huwelikseise, op-voederlike eise, medemenslike en godsdienstige eise) waarmee hy gekonfronteer word, begryp en die hoogste moontlikhede wat tot sy be-skikking is, verwerklik en sy roeping vervul (bv. in 'n beroep).

Egte handelinge gaan gepaard met keuse en is bewus-gemotiveerde optrede met die pretensie van algemeen-geldigheid.[78] Dit is eksisten-siële handeling met die inset van die hele persoonwees (Kierkegaard). Lewensverplig-tende waardes dien vir die mens as rigsnoer in sy lewe van keuses, handelinge, <u>gesindheid</u> en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedrag en daarom is hy bekwaam om sy keuses en die daarmee gepaardgaande handelinge te meet aan die onveranderlike geldigheid van absolute waardes as maatstaf. Die mens wat sô leef is waarlik 'n vrye persoon en daarmee volwaardig volwasse.[79]

3.3 <u>Selfbeoordeling en selfbegrip</u>: <u>Essensies</u>.

Die voorafgaande beskrywing en uitleg van die doelstruktuur, selfbeoordeling en selfbegrip het gelei tot die aan-die-lig-bring en uitlig van die volgende essensies:

3.3.1 Kritiese beoordeling
3.3.2 Normaanwending
3.3.3 Uitspreek-van-sedelike-oordeel
3.3.4 Beoordeling-van-afkeurenswaardigheid
3.3.5 Veroordeling-van-afkeurenswaardigheid
3.3.6 Oorgaan-tot-selfingryping

Uit die bron van opvoedingslewe, die Heilige Skrif, Belydenisskrifte, formuliere en dogmatiese werke van Christen-Protestantse teoloë sal daar nou relevante Nagmaalsformulier-inhoude uitgelig en van naderby beskou word.

3.4 <u>Selfbeoordeling en selfbegrip</u>: <u>Nagmaalsformulier-inhoude</u>:

3.4.1 <u>Inhoude wat betrekking het op selfbeoordeling en selfbegrip</u>:

Die Protestante Christen is ten volle bewus van die sinvolheid van sy bestaan wat hy verwerf het deur geloof in die lye en sterwe van Jesus Christus, sy Saligmaker en Verlosser deur wie hy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volkome geregverdig word. Hy besef ook terselfdertyd dat die lewe aan hom as bevraagde eise stel waaraan hy moet voldoen. So word die belydende lidmaat ook in die Nagmaasformulier bevra en word die eis alreeds by die Voorbereidingsdiens aan hom gestel dat dit nodig is om "onsself tevore reg te beproef voordat ons, tot ons troos, die Nagmaal van die Here kan hou."

Dit beteken dat die eis tot die mens kom om homself waaragtig te ondersoek deur outentieke selfbeoordeling as 'n sedelik-religieuse beoordeling volgens die Wet van God soos o.a. vervat in die tien Gebooie en die ganse Heilige Skrif, insluitende die Evangelie, asook in die Belydenisskrifte.

Hierdie waaragtige ondersoek van die menslike denke, handelinge en gesindhede kan in drie hoofpunte saamgevat word, nl:

a) Nadenke en besinning oor die sonde impliseer toereikende kennis van die sonde. Dit sluit in vrae na die oorsprong, wesenlike, werking en straf op die sonde en maak dit noodsaaklik vir voorbereidende en belydende lidmate om nie alleen kennis hiervan te neem nie maar tot studie te kom van die relevante religieuse struktuur: Sonde. (Hierdie struktuur word vollediger bespreek in paragraaf 3.4.3)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



b) Ten tweede moet elkeen sy hart ondersoek of hy ook die gewisse belofte van God glo dat al sy sondes hom ter wille van die lyding en sterwe van Jesus Christus vergewe is, en dat die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken of geskenk is, ja, so volkome asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het. Hierdie geloof by die Christen is 'n bo-wetenskaplike aangeleentheid en word gedra deur vaste oortuiging en geloofsvertroue en lei tot persoonlike versoening met en regverdiging in God, die Vader, deur sy Seun Jesus Christus.

c) Ten derde moet elkeen sy gewete ondersoek of hy gesind is om voortaan met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here te bewys, en voor die aangesig van God opreg te wandel. Hy moet sonder geveinsdheid alle vyandskap, haat en nyd wil aflê, en 'n ernstige voorneme hê om in die toekoms in waaragtige liefde en eensgesindheid met die naaste te lewe.[80] Hierdie kritiese self-beoordeling van gesindheid en dade teenoor God en die naaste moet geskied met die inset van die totale persoonwees en geïntegreer word en spreek uit die ganse bestaan. Die persoon word in die Christelike denke dus gesien as 'n onskeibare eenheid van liggaam en gees (religieus gesien) want albei is deur God geskape en vorm 'n essensiële deel van die mens as skepsel wat deur die Woord in aansyn geroep

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> is tot 'n antwoord en gerigtheid op die Woord van Liefde; 'n antwoord van wederliefde.[81]

Hierdie gewetensondersoek gaan dus dieper as die uiterlike dade maar let op die gesindheid want Hy sien die hart aan. (Ps. 139:23). Die gesindheid word gemeet aan die verkorte weergawe van die Wet as Norm: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en jou hele verstand. .... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:37-39). Só kan die doel van die kategetiese onderrig en die aflegging van geloof saamgevat word in een woord, nl. LIEFDE: liefde tot God en die naaste. Anders gestel: DIENS aan God en die medemens in die wêreld. So gesien kan hierdie opvoeding, as omhoogleiding na God, onmoontlik enige aspek van die kind se bestaan as mens uitsluit want dit behels die hele mens vir die lewe in sy ruimste en diepste sin.[82]

Die Ek-God relasie word dus in die Christelike Protestantse denke as die grondrelasie erken omdat daar uitgegaan word van die eksistensie as 'n geskape syn en as sodanig is dit 'n afhanklike syn: geskape deur die Woord tot 'n antwoord op die Woord en daardeur ook aan die naaste in die wêreld. Daarom roep die Nagmaalsformulier diegene wat skuldig is aan 'n lang lys ergerlike sondes, wat genoem word, op om hulle van die tafel van die Here te onthou, maar ... vra elkeen om sy hart en gewete te ondersoek voordat hulle die siele kom spysig en laaf aan die Nagmaalstafel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Want deur Sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer naamlik die sonde, weggeneem en vir ons die lewemakende Gees verwerf sodat ons die ewige lewe deelagtig kan word".[83]

3.4.2 Nagmaalsessensies.

Die Nagmaalsessensies wat dus hier uitgelig is en wat betrekking het op die pedagogiese doelstruktuur, selfbeoordeling en selfbegrip is die volgende:

3.4.2.1 ..... ons tevore reg beproef
3.4.2.2 ..... waaragtige ondersoek
3.4.2.3 ..... sy hart ondersoek
3.4.2.4 ..... sy gewete ondersoek

Daar sal nou oorgegaan word tot 'n nadere betragting van die relevante religieuse struktuur: Sonde.

3.4.3 Die religieuse struktuur : Sonde.

3.4.3.1 Inleidend:

Die vraag na die oorsprong, wese, werking en straf van en op die sonde is vir elke mens 'n wesenlike vraag. Die antwoord hierop is moeilik en tog bepalend vir sy ganse lewe. Oor sonde skryf Bavinck, "Wij weten niet, vanwaar ze is, noch wat zij is. Zij is er en heeft geen recht van bestaan. Zij bestaat en niemand verklaart haar oorsprong. Zij is zelve zonder motief in de wereld gekomen en is toch het motief voor alle denken en handelen der mensen geworden".[84]

Waarom word daar oor sonde besin?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


"Het is de verstoring van het leven, het besef van diepingrijpende abnormaliteit, die welhaast ieder denkend mens tot stellen van deze vraagt leidt. En talloos zijn de antwoorden."[85] Vanuit die Openbaring van God en die daarop gerigte geloof word 'n normatiewe religieuse beslissing oor bogenoemde vraag gestel. Ook uit die Nagmaalsformulier spreek die opdrag dat die mens homself waaragtig moet ondersoek, nadink oor sy sondes en vervloeking en om hom voor God te kan ootmoedig. Nadenke impliseer dat hy 'n wete van die verskillende aspekte van die sonde moet hê. Die ou Testament gebruik 'n lang lys woorde om sonde en sondiging te beskryf: sonde, misdryf, misdaad, oortreding, ongeregtigheid, boosheid, kwaad, ens.

Die ontleding van 'n paar Hebreeuse woorde toon ooreenkoms omdat hulle aktiewe begrippe is wat nie toestand of kwaliteit beskryf nie maar handeling of aktiewe optrede.

a) Die woord Chata (om te sondig) en Chattath (sonde) beteken om te mis (soos in misstap); die doel te mis; nie te bereik nie; dat die mens deur sy eie handelswyse misluk en sy gestelde bestemming nie bereik nie omdat hy God en Sy verbond gestelde orde nie in ag neem nie. "Want hy wat My vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Here. Maar hy wat My mis, benadeel sy eie lewe" (Spr. 8 : 35, 36.)

b) Naas chattath vind 'n mens die woord awon (sonde) wat van 'n werkwoord afkomstig is en beteken: krom is, verkeerd is, wegbuig van die goeie. Die dui nie net op 'n sondige daad nie maar ook op die sondige wil of gesindheid.

c) Die derde woord pesja word afgelei uit die werkwoord pasja wat beteken: in opstand kom, rebellie teen gesag, afvallig word, ongehoorsaamheid en ondankbaarheid.

d) Die vierde woord is sjagah wat eintlik dwaal of vergissing aandui; onopsetlike oortredinge in onwetenheid bedryf maar is nogtans sonde.[86]

Die begrip sonde sal vervolgens uit verskillende perspektiewe beskou word.

3.4.3.2 God en die sonde:

God wou die mens tot sedelike beslissing bring deur vrywillig en beslis die weg via die kennisboom af te wys en via die lewensboom te kies.[87] Sonde is dus nie deur God geskape nie. Dit sou teenstrydig met Sy wese wees. "As God skep, skep Hy volmaak en met 'n bepaalde doel. Die uitspansel verkondig die werk van Sy hande; die mens is na Sy beeld geskape om Hom te verheerlik."[88] "God wilde, dat die mens als een denkend en willend schepsel tegenover God sou staan om dan van heler harte vóór God te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kiezen", om vrywilliglik en bewustelik die sonde te verfoei en te verban. Om teen die groot stroom in vir God te kies sal Hom dus verheerlik.

Sonde bring afstand en skeiding tussen God en mens. God beskou die sonde as 'n gruwel voor Sy oë en wend hom in Goddelike afkeer en toorn af van die mens en Sy volk, spreek van vergelding en gryp in die lewe van Sy volk in (Spr. 3 : 33) as die regverdige Regter.[89]

3.4.3.3 <u>Die sondeval en die mens</u>:

Soos uiteengesit in Gen. 3, tas die sonde ook die mens aan. Satan gebruik as instrument die slang, die listige, wat nie handel met die leuen nie, maar met brokstukke van die waarheid om Eva te verlei. Hy spekuleer met die eie waarde van die mens, die begeerte om self in vryheid te kies en te besluit tussen goed en kwaad, om onafhanklik te word van God. En sy eet ........ Uitwerking: Die mens verlaat sy kreatuurlike woning en beland in die woestyn![90] Hy wat geformeer was na Sy beeld en gelykenis, goed, regverdig en heilig, in staat om met sy wil in alles ooreen te stem met die wil van God het toe hy in aansien was, dit nie begryp nie maar uit eie wil hom aan die sonde en vervloeking onderwerp. Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe. Daardeur het hy hom skuldig gemaak aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


liggaamlike en geestelike dood.[91]

Die brokkie waarheid wat Satan gespreek het was dat die mens voortaan goed en kwaad self sal moet keur, maar die wete van goed en kwaad lê slegs by God. Hy stel die norm. Die skepsel kan slegs na-sê. Sê hy "amen" (identifiseer hy hom met) op die norm, het hy die lewe maar antwoord hy in ongehoorsaamheid verdien hy die dood. Daarom is sonde die mees direkte aanval op God, op die God-syn van God. Dis 'n aantasting van Sy Wese en sal nie geduld word nie. Die mens het 'n uitdruklike verbod verontagsaam en gekies teen God die Lewensbron en word só verraaier van hom=self as kreatuur-syn (geskapene-syn).[92]

Deur die ongehoorsaamheid van Adam en Eva in die Paradys het die erfsonde uitgebrei oor die ganse menslike geslag,[93] waardeur die menslike natuur so bedorwe is dat almal in sonde ontvang en gebore word.[94]

3.4.3.4 Kennis van die Sonde:

a) Wat weet die mens van sonde? "Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel maar eendag sal ons van aangesig tot aangesig sien". (1 Kor.13:12). Dikwels is 'n mens skuldig aan nie begryp nie, aan nie wil begryp nie soos die Emmausgangers wat onverstandig en traag van hart was (Luk.24:25). So begryp die mens die sin van die prediking dikwels nie. (Mark.8 : 17,18:) "Begryp julle nie en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verstaan julle nie? ..... Het julle oë en sien julle nie? En het julle oë en hoor julle nie?"[95]

Elke sonde is sinloos en word alleen begryp teen die goedheid en heerlikheid van God. "Want daar sal blydskap in die hemele wees oor een sondaar wat hom bekeer" (Luk.15:7). Hierdie blydskap staan teenoor die dwaalweg waarop alle ligte gedoof is, teenoor die vreemde sonde waarin "die mens die duisternis liewer gehad het as die lig" (Joh.3:19).[96]

Hierteenoor staan die wonder van genade en heiliging (wat telkens opnuut bevestig word by die Nagmaalsviering), die oorgaan van die dood na die lewe waarin die sonde afgekoop en betaal is.[97]

Die raaisel van die sonde lê nie in die misterieuse nie maar in die motiefloosheid en sinloosheid van die vervreemding van God, Sy heerlikheid en gemeenskap, die afwend van die Vader, die rebellie ..., die verbreking van die band met Hom, die wantroue teen die ewige Betroubare, die weerstand teen die liefde en geregtigheid.[98]

b) <u>Waarvandaan kom dan die algemeen-menslike onderskeiding tussen goed en kwaad?</u>

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die Ou Testament blyk duidelik dat "Slechts God heeft de bevoegdheid om een daad zondig te noemen", omdat Hyself betrokke is en die daad as sondig ervaar. Daarom kan die mens eers tot ware sondebesef kom as hy in God se nabyheid kom en God dit aan hom openbaar,[99] of as hy in opdrag van God voordat hy na die Nagmaal van die Here kom nadink oor sy sondes en homself vanweë sy sonde mishaag en hom só voor God verootmoedig.

In die diepte van die hart word die kwaad soms opgespoor en aangewys. Maar die sonde is nie 'n werklikheid wat verskuil bly in die verborgenheid van die hart nie.[100] "Ze manifisteert zich in de volheid van het menseleven en chaotiseert de werkelijkheid op een zo desastreuze wijze, dat de verstoring op evidente wijze bemerkbaar wordt" [101] en in die handeling van die mens openbaar word.

c) Langs watter weg het die kennis van die sonde ontstaan?

Hierdie is 'n belangrike vraag omdat daar noue verband bestaan tussen kennis (erkentenis) van die sonde ook in eie lewe en die heil ontvang in die vergewing van die sonde. Daar is 'n diep Bybelse korrelasie tussen skuldbelydenis en vergewing. "Indien ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sonde te vergewe" .........
(1 Joh. 1:19).

Die bekendmaking van die sonde by God is die keersy van vergewing.[102] Kom dié kennis nou uit die Wet of uit die Evangelie?

i) Uit die Wet: Calvyn noem dit dat die funksie van die Wet o.a. is dat die mens die wil van die Here sal begryp en dat sy sondes onthul sal word.[103] Die Wet het dus beide 'n onthullende en 'n verbodskarakter.[104] Die sonde in die algemeen en in die eie lewe word aan die mens onthul en lei tot bewus-wees van en kennis van die sonde soos beskryf in die Wet van die Here. Die Wet onthul egter nie net sonde nie maar plaas ook 'n verbod op handelinge wat teenstrydig is met die wil van God. Die gelowige moet dus daagliks handel in ooreenstemming met die Wet, bewus van en met die nodige insig van die gebiedinge en verbiedinge daarin vervat. Hierdie diepere insig in die wese en werking van die sonde onthul, intensiveer en stapel die sonde op. Volgens Paulus bring die Wet nie heil nie maar stort in die skuld. "Niemand wat leef is voor U aangesig geregverdig nie" (Ps. 143:2).

Die Wet word dus die norm, die spieël, die maatstaf vir die wyse van lewe want "sonder die wet is die sonde dood" (Rom. 7:8). Waar die sonde toeneem, het die genade meer oorvloedig geword want daar word aangeneem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


"dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die Wet" (Rom. 3:28). "Maak ons dan die Wet tot niet deur die geloof? Nee stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die Wet" (Rom. 3:31).

"Deur die wet is die kennis van die sonde" (Rom.3:21). Die wet maak die sonde lewend, vermeerder dit, skiet die vlam van sonde omhoog, word die volle werklikheid van die skuld openbaar. "Dan wordt de sleutel der kennis, die eerst verloren was geraak, weer hervonden."[105]

God lê deur die wet beslag op die gemeenskap van mens met God, wys die regte weg aan en wek weer liefde en verrukking om naby Hom te wees.
Die sin van die kennis uit die wet word in direkte verband gebring met die deur Christus aangewese gebod van die liefde (teenoor God en naaste). Gehoorsaamheid aan dié wet is altyd eggo, antwoord op die liefde van God in dankbaarheid en wederliefde. Deur die wet verlaat God die mens nie maar gee aan hom 'n lamp vir sy voet, bewaar hom, bind hom aan die hart.

Die wet van die liefde word dan 'n spieël waarin die lewe in sy diepte getoets word en waaruit die lewe gerig word. Die wet het dus 'n spieël-, 'n normatiewe en 'n regulerende karakter.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ware selfkennis is egter nie uitkoms van die voorhou van die spieël nie maar lê in die verdieping in die volmaakte wet van vryheid — om nie net te hoor nie maar te kies, besluit, doen. Alleen as die hoorder, dader word van die volmaakte wet van vryheid kan 'n mens praat van die normatiewe, regulerende en spieëlkarakter van die wet soos dit uit die eie lewe blyk.[106]

ii) Kennis uit die Evangelie:

"Het Evangelie is de ontmaskering van de schijn en de leugen."[107] Só word in die Nagmaalsformulier die gelowige opgeroep tot besinning oor die sonde "aangesien die toorn van God teen die sonde so groot is dat Hy dit - eerder as om dit ongestraf te laat bly — aan Sy liewe Seun Jesus Christus met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf het."[108] Ná die onthulling van sonde vind vergewing in die kruis plaas en word dit gedra en gerig deur die Man van Smarte.[109] Bavinck beweer dat die sonde eers teenoor die evangelie van God se genade in Christus tot die allerverskriklikste openbaring kom as die ongelowige en die afvallige antwoord op die openbaring. Hy voeg by dat "niet de Wet, maar het evangelie kenbron der zonde zou wesen."[110] Die wet is die maatstaf van God maar die kennis van die ware aard van sonde is te danke aan die Evangelie wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook kenbron van vergewing is.

Uit die Nagmaalsformulier spreek duidelik hoe God die sonde vervloek en veroordeel en nie deur die vingers sien nie maar Christus maak tot die vloek van die mens se sondes. Dit is Christus wat aan die kruishout gehang word, op wie die ongeregtigheid van God neerkom, wat die straf van alle menslike skuld dra en verbrysel word as Man van Smarte. Hy wat geen sonde geken het nie is vir die mens tot sonde gemaak om al só die Wet te vervul. Die blye boodskap van die Evangelie sinspeel op skuld en vergewing, dood en lewe, oordeel en genade, verlore-wees en gevind-word, dit lei tot skulderkentenis en genade.[111]

Tussen wet en Evangelie hang dus 'n onlosmaaklike samehang. Die skuldbelydenis open die weg tot vergewing en die mens word terug gelei onder die gebod van God. Wet en Evangelie is op mekaar betrokke en kennis van die sonde lei tot heiliging van die lewe. "Ontwaak jy wat slaap ....." (Ef. 5:14). "Die nag is ver gevorder en dit is byna dag. Laat ons die werke van die duisternis aflê" ..... (Rom.13:12), laat 'n mens besef dat die goed is om naby God te wees. Dit laat 'n mens van Sy goeie werke vertel, laat rebellie wyk voor aanbidding, laat 'n mens die gebod van God liefhê meer as goud, ja, as baie fyn goud.[112]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die Nagmaalsformulier bevat dan 'n lang lys van ergerlike sondes en vermaan diegene wat in hierdie sondes volhard om hulle van die tafel van die Here te onthou. Verder dui die Formulier op die gesindheid van die hart. Wat dan is die wesenlike van die sonde?

3.4.3.5 Die wesenlike van die sonde:

Sonde is wesenlik opstand en vyandskap teen God, ingaan teen Sy norm, wetteloosheid. Dit is 'n verwoestende en ontbindende mag wat die mens aweregs laat handel en lei tot ontwrigting, ontbinding, verwoesting. Dit is 'n krag en aktiwiteit wat deur die mens in 'n verkeerde rigting aangewend word. Dit is aktiewe berowing van die goeie wat God aan die mens geskenk het. Dit beroof die mens van positiewe ingesteldheid en aksie en voer die mens weg vanaf God na die verderf toe.[113]

Sonde is kenmerkend van die menslike eksistensie [114] en raak nie slegs die periferie van sy lewe nie, maar die kern van sy mens-wees.[115] Juis die grootheid van God se genade aksentueer die hopeloosheid en verlorenheid van die mens.[116]

Alle sonde is teen God - vyandskap, ongehoorsaamheid, vervreemding, verlating.[117] Die verhouding tussen God en mens is versteur. Naas die eerste gebod staan die tweede wat hieraan gelyk is: die liefde tot die naaste. Daarom is ook versteurde menseverhoudinge sonde voor God want dit gaan nie om relatiewe norme en maat-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stawwe nie maar om Hom, die God van en in alle verhoudinge waarin die mens ook skuldig gestel word voor sy aangesig.[118]

Die dubbele gebod van liefde teenoor God en mens word verder gevoer tot "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Só 'n liefde bewys Christus aan die mens deur Sy kruisdood. Die aard van die sonde is alleen te begrype uit die diepte en volheid van God se openbaring[119] aan die mens en deur die Skrif. God is liefde, sonde is vyandskap en haat; God is die waarheid, sonde is die leuen; God is Lig (soos dit spreek uit die volheid en rykdom van Sy genade) en in hierdie lig word die sonde in sy wese openbaar as duisternis.[120]

3.4.3.6 Die Nagmaalsformulier vra nou waaragtige ondersoek van gewete en hart.

Wat is nou die wesenlike van selfondersoek? Hoe word die sonde in die mens self onthul? Dit geskied deur selfbeoordeling waarin die mens bewus word van sy sonde op vertikale sowel as op horisontale vlak.[121] Berkouwer beweer dat die mens ten spyte van sy sedelike besef en kennis van die sonde dit nie in sy eie lewe wil begryp nie en nie sy eie hart wil deurgrond nie.[122] Die splinter in die oog van ander sien hy, die balk in sy eie oog nie. Hy vlug vir eie kennis van sonde weg voor die aangesig van God. Hy is afvallig van hart en hy is deur sonde verblind en nie in staat daartoe om veral sy eie lewe waar te neem en sy eie diepte en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


geaardheid te ken nie.[123] Hierdie verduistering van die oog, hierdie verblinding hang onlosmaaklik saam met die vervreemding van God, met die duistere sinlose keuse van ongehoorsaamheid. Nogtans vermaan die Nagmaalsformulier die lidmaat ernstig tot waaragtige selfbeoordeling as sedelike beoordeling, as ondersoek van hart en gewete.

3.4.3.7 Die werking van die Sonde:

Die mens was geskape na die beeld van God. Hy was die beeld van God, van alle goddelike deugde. Hy was geroep om ónder God, koninklike heerskappy op aarde te beoefen. Maar toe hy in aansien was het hy dit nie verstaan of sy uitnemendheid besef nie, maar hy het homself uit eie wil aan die sonde onderwerp (en sodoende aan die dood en die vervloeking).[124] Na die sondeval verloor die mens die engere beeld van God (kennis, geregtigheid en heiligheid), maar hy het mens gebly - die beeld van God in ruimer sin.[125]

Die sonde tas die hele mens aan maar deur die algemene genade is "klein oorblyfsels"[126] behou van die oorspronklike skeppingsgawe as "nog 'n bietjie lig waardeur hy tog kennis behou van God".[127] "Heel het beeld van God is door de zonde bedorven". Die mens bly wel mens maar verdorwe mens, sonder kennis, geregtigheid, heiligheid, werksaam in 'n aweregse rigting wat slegs deur God gestuit kan word.

Ook Brunner in navolging van Luther en Calvyn, leer dat die beeld van God verstoor maar nie vernietig is nie. Daar bly in die mens die moontlikheid tot dialoog oor. God spreek, die mens hoor aan en moet antwoord.
God het die mens aangespreek. Sy negatiewe antwoord het sy Skepsel-syn en mens-syn aangetas.

Die koninklike mens word slaaf van Satan. Die skeppingsgawe werk aweregs, in plaas van om God lief te hê, word hy 'n liefhebber van homself. Die verhouding vlees en gees word aangetas en die mens word slaaf van die bose luste van die vlees.[128]

Die sonde is dus anti-goddelike strewe, onnatuurlik en is die dood van egte mens-syn.

Die mens is in gedurige stryd met die sonde.
In die Nagmaalsformulier word verwys na sondes wat in die mens oorbly (tenspyte van regverdigmaking en heiliging), na vele gebreke en ellendigheid, geen volkome geloof, swak ywer, noodsaaklike daaglikse stryd teen die swakheid van geloof en die bose luste van die vlees. Ten spyte hiervan kan die gelowige toetree tot die Nagmaal mits dit gepaard gaan met berou oor sonde en 'n vaste begeerte om teen die ongeloof te stry en na die gebod van God te lewe. Aan die anderkant word almal wat besmet is met enige van die volgende "ergelike sondes" ('n langs reeks word genoem en dan saamgevat in: diegene wat 'n ergelike lewe lei)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vermaan om hulle van die Nagmaal van die Here te onthou.

Die formulier aksentueer die volle erns van die oorblywende sonde. Selfmishaging speel 'n belangrike rol, ook berou wat sy oorsprong vind in die werking van Heilige Gees. Die dinamiek van die Christelike lewe word sigbaar in die onrus van die berou, stryd teen die sonde, die honger en dors van die siel, die belydenis van skuld en die bereidheid tot nuwe heiliging en nuwe gemeenskap met God.[129] Die Hoëpriester tree hom tegemoet – nie omdat hy die sonde minag nie, maar omdat sy genade uitgebrei word oor die swak struikelende mens.[130] Hierdeur word die gelowige verlos van die heerskappy van die sonde maar nie gans-en-al uit die vlees en die liggaam van die sonde nie – hieruit spruit die mens se daaglikse swakheid en onvolkomendheid.

Die gesindheid van die mens is van groot belang by die beoordeling van die sonde en of dit in 'n daad oorgaan al dan nie ("Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg" (Matt. 5:28). Sonde kom uit die hart van die mens, uit sy sondaar-syn en word gekenmerk deur 'n bepaalde gesindheid.[131] Ook die goeie kom uit die hart. Op sigself is daar geen breuk tussen die innerlike gesindheid en die uiterlike daad nie, maar in die sonde word die breuk sigbaar en word die harmonie van die ganse mens geskend.[132]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.5 Selfbeoordeling en selfbegrip : Sintese.

In paragraaf 3.2 is 'n beskrywing en uitleg gegee van die pedagogiese doelstruktuur, Selfbeoordeling en selfbegrip en in paragraaf 3.4 volg daarop die relevante nagmaalsessensies wat in 'n sintese aangewend kan word om lewe te wek in die pedagogiese doelessensies waardeur die mens opgeroep en geaktiveer word tot kritiese selfbeoordeling deur normaanwending en om die uitspreek-van-sedelike oordeel te laat funksioneer totdat dit kan lei tot verwerkliking in die beoordeling en veroordeling van die afkeurenswaardige in eie lewe. Hierdie sedelike beoordeling kan die mens tot handeling aanspoor om oor te gaan en voort te gaan tot selfingryping, indien nodig, deurdat behoorlikheidsbesef deurbreek en tot lewe geaktiveer word.

3.5.1 Die dialektiese triade : Selfbeoordeling en selfbegrip/Nagmaalsformuliersessensies/Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip.

| Eerste Synswyse | Tweede Synswyse | Geïntegreerde synswyse |
|---|---|---|
| Lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur | Lewe-wekkende lewensopvatlike inhoude | Lewende doelstruktuur |
| Selfbeoordeling en selfbegrip | Nagmaalsformulier-essensies | Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip |

3.5.1.1 Die beweging Selfbeoordeling en selfbegrip na Nagmaalsformulieressensies:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


By die beskrywing en uitleg van bogenoemde doelstruktuur is daarop gewys dat die kind 'n self-iemand-wil-wees is omdat hy 'n self-iemand-kan-wees is vanweë die feit dat hy 'n self-iemand-behoort-te-word is; dus 'n unieke persoon wat in staat is daartoe om tot selfkennis te kom en daarom selfbegrip as opgawe het. Hieraan kan hy voldoen omdat hy oor beide afstands- as behoorlikheidsbewussyn beskik. Dit beteken dat dié mens deur selfbetragting tot selfverheldering kan kom en die self kontinu kan beoordeel aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waardevoorkeur en deur 'n persoonlike gewetensbeslissing.

Die uitspreek van 'n sedelike oordeel (en indien nodig van veroordeling by die doen van die afkeurenswaardige) geskied deurdat die subjek-as-persoon sedelik genormeerd is en in vryheid verantwoordelikheid kan aanvaar. As persoon is hy in staat tot kritiese interpretasie van sy moontlikhede en tekortkominge en hierdie persoon-wees-interpretasie is moontlikheidsvoorwaarde vir selfbegrip-integrasie wat integrasie insluit van beide behoorlikheids- en handelingseise. So word die moontlikheid vir selfingryping, ingeval van die doen van die afkeurenswaardige, ook moontlik.

Lewensverpligtende waardes dien vir die mens as rigsnoere in sy lewe van keuses, handelinge, gesindheid en gedrag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


"By de zedelijke beoordeling of het uit zedelijke oogpunt al of niet waarde toekennen aan een menschelijke handeling in de relatie tot andere menschen kwam de vraag aan de orde of haar constitueerende elemente: het waartoe, het hoe en het waarom een mensch handelt, al of niet beantwoordend aan de norm, die men bij onze menschelijk handeling aanlegt. Die drie factoren van deze eéne norm correspondeerend met de zooeven genoemde drie elementen, zijn het goed, de plicht en de deugd" (Geezink). "De waartoe?", gee vorm aan die sedelike, aan die verandering ten goede of bestendiging van die menslike lewe m.a.w. of die selfbepaling hom rig op 'n sedelike beoordeling en op 'n doel [133] (Sedelik-selfstandige selfbepaling). "Het hoe?" is 'n middel waardeur mens die doel wil bereik en dui op beweging in die goedkeurenswaardige rigting, die pligmatige (selfbegrip-integrasie). "Het waarom" is die motief (gesindheid) wat by die selfbepaling die sterkste is en behoort die deugsame te wees.

Indien hierdie drie momente die bogenoemde kwaliteite vertoon is dié handelinge sedelik goedkeurenswaardig. Hierdie formele sedelike selfbeoordeling is van belang vir die gedying van die algemeen menslike sowel as vir die besondere Christelike handeling met sy partikuliere inhoude.

Die Christelike beginsel wat die natuurlike menslike sedelikheid bepaal en wat ooreenkom met genoemde elemente, motief, wyse en doel is die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goeie, die plig en die deug. Wat die inhoud gee -- is die liefde.[134] Vir die Christen is dit die heilige liefde wat gegrond is in die bewussyn van die enige waaragtige God (Joh. 17:3) en hierdie sedelike handelinge moet dan ook telkens opnuut by die Nagmaalsviering onder die soeklig van die gewete geplaas word.

Sedelike beoordeling by die jeugdige en volwassene dui dus ook op 'n sluimerend-funksionerende doel-essensies (selfbeoordeling) wat by magte is tot funksionering deur die aanwending van Nagmaals-essensies. So sal die nagmaalsessensie en eis dat die lidmaat homself te vore reg beproef die verborge beweging in die eis tot kritiese beoordeling laat oorgaan in moontlikheid-tot-beweging na die tweede synswyse sodat die Christen verplig sal wees om vas te stel of hy toereikend bewus is van die wese en werking van die sonde ook in eie lewe. Hiervoor sal nodig wees norm-aanwending en vir die Christen is die absolute Norm God in wie hy waarlik glo en vir wie hy telkens die hart moet ondersoek om vas te stel hoe waaragtig sy geloof is. Die ondersoek van die hart is nodig, want elkeen wat aan die Nagmaals-tafel aansit, neem iets mee, hetsy seën, hetsy vervloeking, geloofsversterking óf oordeel.[135]

Hierdie normaanwending beteken vir die nagmaals-ganger 'n aangesprokenheid vanaf God deur die gewete. Die gewete het geen stem nie maar is self stem, en wel die stem van God (Frankl).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deur die gewete beluister die mens die stem van God. Deur hierdie gevoelige luistermoment kom kennis van God, Sy beloftes en eise na die mens,[136] ook die eis tot waaragtige ondersoek (Nagmaals-essensie). Hierdie lewewekkende kennis lei tot lewe met God saam met die medemens.

So sal die ewig-onveranderlike Christelike Norm die doelessensie normaanwending verlewendig en aktief maak want die Nagmaal mag slegs gevier word ná gelowige self-ondersoek waarin die mens allereers sy sondes en ellendes moet ken, homself vanweë sy sonde moet mishaag en besef dat hy buite Christus heeltemal verlore is.[137]

Omdat die Nagmaalsganger deur die gewete aangespreek en diensbaar gemaak word en omdat hy bewus is van rekenskap-vir-deelname kom hy in liefde teenoor God en medemens te staan. Hierdie Liefde waarvan hy telkens opnuut bewus word, word nou aangewend as norm. Dit is 'n norm wat geaktiveer en verlewendig word by die uitspreek van 'n sedelike oordeel oor homself wanneer hy oorgaan tot waaragtige ondersoek. So intensiviseer die Nagmaalsessensies hart- en gewete-ondersoek ook die beoordeling en veroordeling-van-die-afkeurenswaardige in beide handeling en gesindheid teenoor God en die medemens, sodat die aange-sprokene kan oorgaan tot selfingryping en nuwe lewenswyse en rigtingsverandering na 'n suiwer gerigtheid-op-God wat die mens so lief gehad het dat elkeen wat in die herdenkte kruisdood en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versoening van Sy Seun, Jesus Christus, glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal beërwe (Joh. 3:16).

Net so sal dié besondere Nagmaalsessensies ook die doelstruktuur selfbeoordeling en selfbegrip in sy volheid laat syn, maak dit eg waardevol (deur die persoon te aktiveer tot eie kritiese stellingname), laat dit aktief invloed uitoefen op die uitspreek-van-sedelike-oordeel, en verwerklik die persoons-integrasie en selfbegripinterpretasie. Die Nagmaalsformulier het 'n dwingende imperatiewe karakter wat nie alleen oproep tot selfondersoek nie maar ernstig maan dat diegene wat op onwaardige wyse aan die Nagmaalstafel kom aansit 'n oordeel oor hulleself eet en drink.[138] Hierdie verwerkliking van die genoemde doelessensie impliseer dat vanweë outentieke selfbegrip ook die jeugdige lidmaat aktief kan meewerk aan sy menswording deur nie alleen bewus te wees van sy tekortkominge (waarvoor Hy hom laat bind het om ons te ontbind)[139] en van sy positiewe moontlikhede nie, maar in staat sal wees om ook toenemend meer verantwoordelikheid te aanvaar vir die ontwerp van hierdie moontlikhede sodat sy self-iemand-wees as 'n unieke, eenmalige onherhaalbare indiwidu kan gedy.

Uit die voorafgaande blyk dat hierdie eerste synswyse nie uit homself kan voort beweeg na die derde synswyse nl. 'n Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip nie, maar die Nagmaalsessensies en eis tot waaragtige ondersoek

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as bo-wetenskaplike, partikuliere geloofsoortuiging van die Christelike Protestant kan nou lei tot 'n werklikheidsgetroue integrasie van die twee synswyses wat in sinsamehang tot mekaar staan en waarin albei synswyses behoue en bewaar bly deur outentieke sintesering daarvan.

3.5.1.2 Tweede beweging:

Die eerste synswyse van selfbeoordeling en selfbegrip (as lewensvatbare pedagogiese doel-struktuur) en die tweede synswyse van partikuliere Nagmaalsessensies (as lewe-wekkende besondere inhoud) gaan nou gesamentlik en gelyktydig oor in die geïntegreerde synswyse nl. 'n Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en self-begrip. Hier is sprake van laat-funksioneer en voltrekking van beweging in die nou lewende doelstruktuur. Die reeds bespreekte doelessensies is nou almal tot lewe gewek deur die Nagmaals-essensies en al hierdie essensies bly behou en bewaar deur integrasie van die algemeen-geldige inhoude van volwassenheid en die partikuliere Christelik-Protestantse inhoude soos vervat in die Nagmaalsformulier.

Vervolgens gaan die tot-lewe-gewekte doelessensies aan die hand van die perspektief-metode beskryf word, soos dit sal funksioneer in die lewe van die Christelik-Protestantse jeugdige op pad na geestelike volwassenheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Langeveld sê die opvoeding "zal erdus opgericht moet zijn het kind te helpen, bekwaam te worden tot zedelijke zelfbepaling in een morele orde, die ons zelf de verantwoordelijkheid laat".

"In alle dynamiek van de volwassene openbaart zich plan, lijn, doelstelling, gebondenheid aan hetgeen men zichzelf heeft opgelegd, kortom: zelfverantwoordelijke zelfbepaling" (Langeveld). Volwassenheid het dus tweërlei betekenis vir die mens nl. as individu, as vorm van hierdie konkrete mens, maar ook as eenheid van sedelike norme waarmee hy hom identifiseer of poog te identifiseer.[140]

Hierdie selfverantwoordelike selfbepaling dui by die Christen-volwassene altyd daarop dat sy keuses en handelinge wat gerig is op verandering ten opsigte van homself en andere wat aan sy sorg toevertrou is, gekenmerk word deur planmatigheid, doelgerightheid en 'n gebondenheid aan die hoogswaardevolle nl. onderwerping aan en gehoorsaming van die Wet van God soos ook spreek uit die opdrag tot selfbeoordeling[141] voor die Nagmaalsviering. Hy besef dat sy gewete gevorm moet word deur Norme in Gods Woord sodat hy aan die hand daarvan sy lewe in die algemeen en in die besonder kan beoordeel.[142] Hierdie gewetensvorming geskied deur die bestudering van God se Woord, deur die verkondiging daarvan tydens die erediens, tydens die kategetiese onderrig, by die bediening van die Sakramente en in sy gemeenskap met medegelowiges.[143] Die mens moet, om by die religieuse

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wording betrokke te bly, dus om die sinvolle religieuse voltrekking te verwerklik, God as sy oorsprong in homself ontdek.[144]

Deur selfverantwoordelike selfbepaling begin die Christen hom toenemend gedra soos wat 'n volgeling van Christus dit behoort te doen. Hy beproef steeds (ook reeds in die voorbereiding tot die Nagmaal) wat die welgevallige en volmaakte wil van God is deur[145] waaragtige ondersoek van hart en gewete.

i. Sedelike oordeel:

Die sedelike ontspring uit die religieuse (Bollinger)[146] en is nou daarmee verweef. So bestaan daar geen outentieke sedelikheid wat nie 'n religieuse moment bevat nie en ook geen religie wat nie sedelike oordele uitspreek nie. Sodanige sedelike beslissing is moontlikheidsvoorwaarde tot self-iemand-kan-wees en strook met sy agting-vir-eie-digniteit waartoe hy ook onvermydelik verplig is en waardeur hy ook die waardigheid van die menslikheid in sy eie persoonwees nie verloën nie maar bewaar (Kant).[147]

Die Christen beskik mettertyd oor 'n toereikende en gevoelige behoorlikheidsbesef en is bekwaam om Sy keuses en handelinge daarvolgens te beoordeel en te verwerklik tot eer van God.[148] Dikwels word 'n sedelike oordeel oor uiterlike en sigbare handelinge uitgespreek sonder om die innerlike, nie-sigbare motief en gesindheid te beoordeel[149] soos wat die Nagmaalsformulier duidelik eis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vermoë om 'n sedelike oordeel verantwoordelik te kan uitspreek is 'n aanduiding van behoorlike volwassenheid en impliseer dat die persoon oor 'n funksionerende selfbewussyn as behoorlikheidsbewussyn beskik en dus bewus kan wees van goed en kwaad, die behoorlike en afkeurenswaardige. Die sedelike norm moet gesien word, nie as 'n uitdrukking van die mens se sedelike natuur nie, maar tog wel as daarin kragtens die skepping diep veranker.[150]

Die Christen-volwassene is as sedelik selfstandige bekwaam om 'n sedelike oordeel oor homself, sy lewensplan, keuses en handelinge uit te spreek. Hy beskik oor hierdie bekwaamheid vanweë sy insigtelike kennis van die Wet van God, die Belydenisskrifte en die Kategismus sowel as van die behoorlikheidseise wat daaruit spreek. Omdat hy selfbewussynswese is, kan die gelowige volwassene hom distansieer van homself en sy keuses en handelinge in hierdie lig self sedelik beoordeel. Dit impliseer dat hy oor 'n gevoelige gewete moet beskik wat goed en juis gevorm is en wat o.a. ook gevoelig gehou word deur die herhaaldelike oproep,[151] tydens elke Nagmaalsviering, om die gewete te ondersoek en die hart te ondersoek waardeur die verhouding tot God ook onder die soeklig kom. Die gewete tree op as maatstaf of norm om te onderskei tussen goed en kwaad en ontleen sy inhoud van die Bron van die goeie. Die Christen se gewete is vir hom 'n bron van kennis van sy eie skuld en sonde (Hebr. 10:2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die mens kan slegs 'n rein gewete hê as hy lewe in gemeenskap met Jesus Christus (1 Petr. 3:21). Die gewete in medewerking met die Heilige Gees laat die wet van die eie persoonwees ooreenstem met die heilige wil van God in allerlei lewens-verhoudinge.[152] Veral in die puberteit verwonder die kind hom oor die vanselfsprekende — dat hy <u>is</u>, dat die wêreld is, oor die fundamentele vraag oor goed en kwaad, oor sin en onsin, oor lewe en dood, oor tyd en ewigheid (Rümke). Vanaf die "enerzijds vage en algemene 'zich zinvol ingeskakeld weten in het geheel van het zijnde komt hij anderzijds tot het geloof in God waarbij gehoorzaamheid en over-gave aan Hem tot gronddirectief van iemands leven wordt."[153] "Het persoonlijkheidsbeeld krijgt zowel karakterologisch als normatief zekere stabiliteit. Hiermede gaat de mogelijkheid gepaard van stabiele betrekkingen in zakelijk en zedelijk opzicht".[154] Daarom ook dat hierdie wordingsniveau ten volle deur die Christelik-Protestantse kerke benut word om in die kategetiese onderrig die puber te lei tot ware religiositeit en outentieke godsdienstig-heid. Hy is dan verder outentiek op weg na genormeerde toekomstigheid en 'n normerende gerigtheid op 'n ontiese gegrepenheid deur waardes, dus ook outentieke godsdienstigheid as waarde.[155]

ii. <u>Persoonlike stellingname in sedelike uitsprake</u>.

Vanweë die behoorlikheidsbewussyn en insigtelike normkennis kan die volwasse Christen met insig en oortuiging stelling neem in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



situasies waarin hy 'n verantwoordelike oordeel uitspreek, en is hy instaat om getrou te bly tot die uiterste konsekwensies van sy beslissinge.[156] Hy het geword tot 'n mens met egte eenheid, bestendigheid en betroubaarheid: 'n persoon wat vanuit sy eie beginsels, standhoudende gesindhede en ideale, reg en goed kan, wil en sal kies, beslis en handel.[157] Hy voel en weet dat hy nie anders kan nie omdat hy glo dat sy oordeel reg en in ooreenstemming met die wil van God is.

Persoonlike stellingname in sedelike uitsprake geskied dus aan die hand van norme wat deur 'n persoon se lewe van keuses en handelinge verwerklik word.[158] By die nie-volwassene kom 'n vryheid tot werklike gesag (soos spreek uit eise van die Nagmaalsformulier) wat die oorsprong van die personale self-wees is, moeilik, effens of glad nie tot vergestalting nie. (Daarom word die voornemende lidmaat tot eksistensiële bewuswording gelei en dit beteken dat hy homself as vraag na die Transedente moet leer begryp en beleef. Sodanige begryping is wesenlike aspek van sy opgawe-tot-selfbegryping waarin hy deur die Kerk en die opvoeders bygestaan moet word).[159] By die jeugdige lidmaat moet duidelik blyk dat hy homself onder die gesag van Christelike norme geplaas het deur toenemende genormeerde veranderinge op 'n steeds hoër niveau.[160]

Die voor-volwassene is kragtig toekomsgerig en hunker na veiligheid en vastigheid want hy wil

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemoedsrus belewe wat sy lewe sinvol sal maak. Hierdie vertrouensaangeleenthede is sake van die geloof. Dis 'n bo-rasionele wete wat gegrond is in 'n besondere rangorde van waarde-voorkeur[161] en uiteindelik kom die kind dan tot 'n gevoeligheid vir die behoorlikheidseise van die Goddelike norme van die Wet en rig sy keuses en handelinge daarvolgens omdat hy dan beskik oor sy eie, selfstandige behoorlikheidsbesef wat 'n Christen-volwassene waardig is[162] en in staat is tot 'n toereikende stellingname in die lig van norme waaraan hy onvoorwaardelik gebonde is. Die Christen-gelowige wat waardegebonde is, wandel waardig die roeping waarmee hy geroep[163] is nl. om God lief te hê bo alles en sy naaste soos homself.

Die voor-volwassene hoor die aanroep tot Da-sein as aanspraak op sy Da-sein wat hy as geskenk en dus opgawe ontvang het, ook om homself krities te beoordeel. Elke aanroep en elke aanspraak verskyn as gedeeltelike vervulling van 'n oneindige vervulling nl. die moontlikheid tot verwerkliking van sy wese en sy menslike moontlikheid tot die godsdienstige. Dit impliseer 'n voortskryding van die een stellingname na die ander totdat hy op toereikende wyse kan antwoord op sy synsbevraagdheid.[164] So sal die gelowige kom tot stellingname en sedelike beoordeling as antwoord op die aanspraak van waaragtige ondersoek voordat hy deel mag hê aan die bloed van die Lam.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iii. Persoonwees-interpretasie:

Die volwassene is iemand wat in staat is tot kritiese interpretasie, sy eie moontlikhede begryp en derhalwe sinvol kan oorgaan tot verdere ontwerp daarvan. Dit sluit ook in begryping en beoordeling van die eie tekortkominge en veroordeling van die afkeurenswaardige as nie-wil-voldoen aan behoorlikheidseise. As die nie-volwassene eventueel bekwaam is tot persoonwees-interpretasie kan hy verder op eie verantwoordelikheid aan sy wording werk deur selfingryping by die doen van die afkeurenswaardige of deur sinvolle ontwerp van sy positiewe moontlikhede.[165] So is die mens as openheid voortdurend in die hede besig met die maak van ontwerpe gegrond op die moontlikhede wat sy verlede hom bied en op die aansporinge vanweë sy toekomsverwagtinge. Dit impliseer noodwendig taakaanvaarding uit eie vrye maar verantwoordelike keuse. Selfverwerkliking deur selfontwerp vereis 'n persoonlike gewetensbeslissing waarin die positiewe moontlikhede moet harmonieer met sy roeping tot verwerkliking van 'n eie persoonlike bestemming.[166]

Ook die gelowige volwassene wat hom reeds geïdentifiseer het met 'n Christelike rangorde van waardevoorkeur, moet bekwaam wees tot selfontwerp op eie verantwoordelikheid. Telkens word gewetensbeslissinge van hom vereis (ook in die Nagmaalsformulier) om vas te stel of hy bereid is om sy Godgegewe gawes op eie verantwoordelikheid

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te implementeer en tot volle gedying te laat kom in diens van God en die medemens. Dit beteken ook dat die volwasse Christen moet vasstel hoe groot sy sonde en ellende is en of hy die sonde wil mishaag sodat hy deur selfbeheersing en selfdwang teen sekere van sy geneighede kan besluit en kan ingryp in eie lewe indien dié geneigdhede die sinvervulling van sy lewe as Christen deur selfontwerp op eie verantwoordelikheid, sou benadeel.[167]

Dieselfde God, wat as Skepper, aan die enkeling sy onvervangbare self-waarde en persoonlike waardigheid gee en hom tot vryheid bestem, roep hom ook tot gemeenskap met Homself en met sy naaste en tot sosiale en sedelike verantwoordelikheid en diens.[168] Alleen in die Christelike denke word die Ek-God relasie as die grondrelasie erken en word daar uitgegaan van die eksistensie as 'n geskape en as sodanig 'n afhanklike syn: geskape deur die Woord tot 'n antwoord op die Woord, en daardeur ook aan die naaste in die wêreld.[169] Daarom dat die gewete deur Nagmaalsessensies opgeroep en verlewendig word om deur selfbeoordeling ook die gesindheid van die hart vas te stel en te begryp.

Elke mens het as opgawe om sy moontlikhede te ontwerp op grond van die begryping van sy eie moontlikhede as persoon. Vir die Christen word die besondere gawes soos dit van God ontvang is, tot volle ontplooiing gebring tot eer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en verheerliking van en in dankbaarheid teenoor God vir Sy verlossingsgenade. Ook die tekortkominge word begryp vanweë kritiese interpretasie van sy moontlikhede om die wet van God te onderhou.[170] Diep onder die indruk van sy tekortkominge raak hy nie mismoedig oor die sonde wat nieteenstaande sy verlossing en teen sy wil in hom oorgebly het nie maar rig hy homself op God en dank Hom dat Christus deur Sy gekruisigde liggaam en gegote bloed, wat sakramenteel by die Nagmaal herdenk word, hom van alle ongeregtigheid genees het.[171] Hierdie persoon-wees-interpretasie is moontlik omdat die volwasse Christen sy lewe onder die leiding van die Heilige Gees stel sodat hy in sy totale persoonwees geskik moet wees om die besondere opdrag te vervul wat God aan hom opdra. Ontwerp-as-onderwerping-aan-behoorlikseise wat spreek uit Christelike waardes en norme (soos ook vervat in die Nagmaalsformulier) word verwerklik deur die persoon tot volwaardige totaliteit wanneer die Christen-gelowige homself diep beproef en toenemend antwoord op sy gewetensroep om te vorder op die pad van heiliging,[172] deur telkens meer oorvloedig te wees in goeie werke en in Christelike onbaatsugtige liefde en naastediens. Dit maak dit mettertyd ook vir die nie-volwassene moontlik om die noodwendige identiteit van liefde vir God en vir die naaste in dié sin te ontdek dat hy inderdaad God nie kan liefhê anders as om die naaste lief te hê nie. Eventueel sal hy deur 'n lewe van danksegging te lewe teenoor sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skepper as die Gewer van alle goeie gawes, die normbeeld van Christelike volwassenheid vertoon.

iv. Selfbegrip as opgawe.

Ook hierdie doelessensie word deur nagmaalsessensies geaktiveer, verlewendig en tot egte waardevolheid verhef. Die mens as self-iemandwees ontdek homself as moontlikheid wat sy menswees steeds moet verwerklik deur te antwoord op sy eie bevraagdheid. Hiervoor het hy kennis nodig van wat hy as mens werklik essensieel is en behoort te wees. Egte selfkennis is om kennis van begrypbare essensies te hê wat as norme kan dien ter beoordeling van sy eie persoonlike wyse van in-die-wêreld-wees.[173] Hy moet nie alleen tekorte en teleurstellings aanvaar nie maar geleenthede raaksien en benut, besef dat hy opgeroep word tot inspanning en toewyding aan 'n besondere taak waardeur hy arbeids- en lewensvreugde kan verwerf.[174]

Die beoordeling van sy eie persoonlike in-die-wêreld-wees geskied herhaaldelik vir die Christen-Protestantse lidmaat by die aanhoor van Nagmaalsessensies soos dié van waaragtige ondersoek. Die beoordeling sluit in beoordeling van gehoorsaamheid aan die wet van God as eggo, antwoord op die liefde van God in dankbaarheid. Die wet en formulier het dus 'n spieël of normatiewe en regulerende karakter. Selfkennis is egter ook die uitkoms van verdieping in die volmaakte wet van vryheid — nl. om nie net te hoor nie maar om te doen. Sonde het egter die oog verduister en verblind saam

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die vervreemding van God deur die duistere, sinlose keuse van ongehoorsaamheid waarin die mens self wou gryp na die onderskeiding tussen goed en kwaad (in die Paradys). Hierdie oortreding van die gebod het gelei tot oë wat gesluit word vir die sonde. "Als de mens in onafhankelikheid zijn eigen weg kies en dan gaat hij op de weg verdwalen en tast hy in de duisternis". In hierdie duisternis bly slegs een weg tot kennis van goed en kwaad oor, t.w. die geopenbaarde onthullende kennis van sonde volgens die gebod van God (soos in die formulier saamgevat) wat 'n skerp, suiwer soeklig op die eie lewe werp. Dit lei tot skulderkentenis en belydenis voor God se aangesig (2 Sam. 12:13, Waarlik ek het voor die Here gesondig!) en hierin alleen sien 'n mens die moontlikheid tot suiwerheid van die menslike selfkennis.[175]

Die opvoeder stel dit dus as opgawe aan die kind om deur die sinvolle beantwoording van sy eie bevraagdheid in selfopregtheid, toenemend die sin van sy eie daar-wees in die wêreld te begryp. Selfopregtheid beteken om ongeveins en eerlik teenoor die self, sonder selfgenoegsaamheid, homself in volle oorgawe te gee om die unieke moontlikhede waarvoor hy beskik te verwerklik.

Die Christen wat voor die Nagmaal deur selfbeoordeling soos van hom verwag word, in selfopregtheid kom tot selfbegryping aanvaar homself soos hy is sonder om selfgenoegsaam te wees. Deur die Heilige Gees en deur deelname aan die liggaam en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die bloed van Jesus Christus is hy vernuwe in sy gemoed en met die nuwe mens beklee wat na die beeld van God geskape is in ware geregtheid en heiligheid. Sy oordele berus op insigte onder die leiding van die Heilige Gees[176] wanneer hy hart en gewete ondersoek. So kom hy egter ook as openheid tot selfbegryping en selfverwesenliking aan die hand van sy saamwees met ander waardeur sy intrinsieke waardes in die ontmoeting en deur sy gebondenheid met die ander tot sy reg kom. Sy solitêriteit wat voorwaarde is vir solidêriteit, maak sy solitêriteit sinvol.[177]

Selfbegrip-as-opgawe by die Christenlidmaat lei tot ontdekking van die self aan sy eie gebrokenheid, nood en ellende en van sy verlossing in die soenverdienste van Christus. Die weg tot die erkenning van die Christelike norme, is die weg van "vernuwe word tot kennis" (Kol. 3:10). Om tot die ware kennis van God te kom, moet die mens ook kom tot 'n egte kennis van homself. Hy besef dat hy slegs deur <u>selfaanvaarding</u> ten volle oorgegewe aan sy lewenstaak kan kom en met getrouheid en 'n volkome hart kan handel ten spyte van sy beperkthede, maar ook met sy gawes, talente en geleenthede. Ootmoedig maar met moed probeer hy om met sy gawes te vorder op sy wordingsweg en op sy pad na heiligmaking deur ten volle gehoorsaming aan die gesag van Christelike norme en waardes. Hy verlang om met sy persoonlike gawes tot homself en sy naaste te mag kom deur getroue pligsvervulling (soos ook van hom vereis word in die Nagmaalsformulier). Daarom

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wil hy homself telkens opnuut aanvaar namate hy deur pligsvervulling tot 'n helderder selfbegrip kom[178] of as die Heilige Gees die hart bewerk en deur Sy liggaam en bloed die hongerige en dorstige siel spysig en laaf tot die ewige lewe. Slegs deur selfaanvaarding en selfoorgawe kan hy die volheid van die lewe ervaar en tot selfkennis as kennis van plig kom.[179] Die selfbegryping moet geleidelik geïntegreer word met begryping van die eisestellende toekoms wat steeds in aantog is.

v. <u>Selfbegrip-integrasie</u>.

Begryping van die "self" as waardeverwerkli= kende persoon, geïntegreer met begryping en 'n toenemende leef van behoorlikheidseise, handelings-eise en geleenthede in die leefwêreld, is ken-merkend van 'n behoorlike volwasse mens.[180] Die Nagmaalsessensies, van-te-vore-reg-beproef, waaragtige-ondersoek, hart-ondersoek en gewete-ondersoek maak nou hierdie selfbegrip-integrasie moontlik, laat dit funksioneer, maak dit lewendig en laat dit in die volheid syn deurdat die Christen besef dat sy selfbegryping geïntegreer moet word met die genormeerde toekoms wat in aantog is, waarin hy waardes sal verwerklik en toenemend gehoorsaamheid moet betoon aan die behoorlikheids-eise wat daaruit spreek.[181] Hy doen dit deur o.a. "met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here te bewys en voor die aangesig van God opreg te wandel; ook deur sonder enige geveinsdheid van harte alle vyandskap, haat en nyd af te lê

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en 'n ernstige voorneme het om in die toekoms in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.

Uit die voorafgaande beskrywing behoort dit nou duidelik te wees dat die eerste synswyse sowel as die tweede synswyse (nl. algemeen-geldige pedagogiese doelessensies en die besondere Nagmaals-formulieressensies) gelyktydig en gesamentlik oorgegaan het in die geïntegreerde synswyse, waarin albei behoue en bewaar bly as 'n ware Christelike Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip. Selfbegrip-integrasie lei dus hier tot 'n alsydige toekomsperspektief en 'n gerigtheid op die medemens in hierdie tydelike, verganklike wêreld, sowel as 'n gerigtheid op die Drie-enige God (van wie uit die Woord verneem word en wat deur die sakramente onderstreep word) terwille van 'n ewige onverganklike bestemming in die Vader-huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## Literatuurverwysings:



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | LANDMAN, W.A. | : | Enkele aksiologiese-ontologiese momente van die voorvolwassenheids-belewing, | 35 |
| 2. | Ibid. | : | | 36 |
| 3. | WILBERS, P.E.J. | : | Die Moontlikheid, Noodwendigheid en Plek van 'n Pedagogiese Doelkunde en Doelleer. | 405 |
| 4. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 36 |
| 5. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir beginners, | 95 |
| 6. | OBERHOLZER, C.K. | : | Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, | 302 |
| 7. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. | : | a.w., | 95 |
| 8. | KRIEK, A.C. | : | 'n Ondersoek na 'n Menswaardige bestaanswyse en Selfbeoordeling as Pedagogiese Kriteria vir Volwassenheid. M. Ed.-verhandeling, U.P., | 158 |
| 9. | KILIAN, C.J.G. | : | Die verbesondering van Pedagogiese Kriteria met Ontologies-Antropologiese status. D. Ed-proefskrif, U.P., | 233 |
| 10. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 159 |
| 11. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. | : | a.w., | 93 |
| 12. | LANDMAN, W.A., | : | a.w., | 34, 35 |
| 13. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. | : | a.w., | 93 |
| 14. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 35 |
| 15. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 159, 160 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16. | OBERHOLZER, C.K. | : | Prolegomena van 'n prinsipiële Pedagogiek, | 322 |
| 17. | LANGEVELD, M.J. e.a. | : | Opvoeding tot zelf-opvoeding, | 9, 10 |
| 18. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 160 |
| 19. | LANGEVELD, M.J. | : | Beknopte theoretische pedagogiek, | 38, 39 |
| 20. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 160 |
| 21. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 52 |
| 22. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 160 |
| 23. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 63 |
| 24. | Ibid. | : | | 320 |
| 25. | Ibid. | : | | 69 |
| 26. | Ibid. | : | | 286 |
| 27. | LANGEVELD, M.J. e.a. | : | Opvoeding tot zelf-opvoeding, | 10, 11 |
| 28. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 162 |
| 29. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 142 |
| 30. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 162 |
| 31. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 370 |
| 32. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 162, 163 |
| 33. | VAN WIJNGAARDEN, H.R. | : | "Psychische Volwassenheid" in Volwassenheid, samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing, | 56,58 |
| 34. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 36 |
| 35. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 163 |
| 36. | LANDMAN, W.A. | : | 'n Antropologies-Pedagogiese beskouing van Beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die Personologies-etiese, | 5 |
| 37. | LANDMAN, W.A. | : | Die Beroepsoriëntering-situasie as Pedagogiese situasie. In: Jubileum lesings, | 271 |
| 38. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 163, 164, 165 |
| 39. | PERQUIN, N. | : | Paedagogiek, | 80 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 40. | PERQUIN, N. | : | "Op dat de mens weer een persoon wordt" (oor jeugd, opvoeding en sameleving). In: Jeugd in Zeventig, vraaggesprekken door G.C. de Haas, | 175-179 |
| 41. | a. VAN WIJNGAARDEN, H.R. | : | "Het rect van verzet". In: Jeugd in Zeventig door G.C. de Haas, | 74 |
| | b. VAN WIJNGAARDEN, H.R. | : | "Psychische Volwassenheid." In: Volwassenheid : samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing, | 53, 54 |
| 42. | VAN DOOREN, W. | : | "Existensiële Volwassenheid". In: Volwassenheid: samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing, | 77 |
| 43. | Ibid. | : | | 82 |
| 44. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 167, 168 |
| 45. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 168 |
| 46. | VAN DOOREN, W. | : | a.w., | 84 |
| 47. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 169, 170 |
| 48. | VAN ZYL, P. | : | Opvoedkunde, Deel I, | 203 |
| 49. | WILBERS, P.E.J. | : | a.w., | 418 |
| 50. | Ibid. | : | a.w., | 444, 445 |
| 51. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 120 |
| 52. | VAN WIJNGAARDEN, H.R. | | a.w., | 72, 73 |
| 53. | WILBERS, P.E.J. | : | a.w., | 424 |
| 54. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 171-173 |
| 55. | Ibid. | : | | 175 |
| 56. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 320 |
| 57. | Ibid. | : | | 75-79 |
| 58. | Ibid. | : | | 91 |
| 59. | Ibid. | : | | 363 |
| 60. | LANGEVELD, M.J. | : | Beknopte Theoretische Pedagogiek | 61, 128 |
| | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 173-175 |
| 61. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 37 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | |
|---|---|---|---|
| 62. | LANGEVELD, M.J. : | a.w., | 75 |
| 63. | OBERHOLZER, C.K. : | a.w., | 324 |
| 64. | a. LANDMAN, W.A.: | Enkele Aksiologies-Ontologiese momente in die voorvolwassenheids-belewing, | 37 |
| | b. Kyk : BUYTEN-DIJK, F.J.J. : | De Zin van de Vrijheid in het Menselijk bestaan, | 12-20 |
| 65. | WILBERS, P.E.J. : | a.w., | 291 |
| 66. | VAN DOOREN, W. : | a.w., | 76 |
| 67. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 180-182 |
| 68. | VAN DOOREN, W. : | a.w., | 75 |
| 69. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 183-188 |
| 70. | OBERHOLZER, C.K. : | a.w., | 274 |
| 71. | Ibid. : | | 167 |
| 72. | LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J. : | Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, | 55 |
| 73. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 183-185 |
| 74. | VAN DOOREN, W. : | a.w., | 88 |
| 75. | VAN WIJNGAARDEN, H.C. : | Hoofdproblemen der Volwassenheid, | (Voetnota) |
| 76. | VAN WIJNGAARDEN, H.C. : | "Het recht tot verset". In: Jeugd in Zeventig, vraaggesprekken door G.C. de Haas, | 72-74 |
| 77. | HUTTE, H.A. : | "Maatschaplijke Volwassenheid". In: Volwassenheid : samegesteld door Prof. Dr. P.J. Roscam Abbing, | 14-19 |
| 78. | NAUTA, L.W. : | "Etiese Volwassenheid". In: Volwassenheid : samegesteld door Prof. Dr. P.J. Roscam Abbing, | 60 |
| 79. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 198 |
| 80. | Nagmaalsformulier, | Formulierboek, | 26, 27 |
| 81. | GUNTER, C.F.G. : | Opvoedingsfilosofieë, | 334, 335 |
| 82. | Ibid. : | | 337, 339 |
| 83. | Nagmaalsformulier, | Formulierboek, | 29 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 84. | BAVINCK, H. | : | Gereformeerde Dogmatiek, III, | | 18 |
| 85. | BERKOUWER, G.C. | : | Dogmatische Studiën: De Zonde I, Oorsprong en Kennis, | | 5 |
| 86. | POP, F.J. | : | Bijbelse woorden en hun geheim, | | 609, 610 |
| 87. | DE BONDT, A. | : | "De Zonde". In: Het Dogma der Kerk (onder redactie van G.S. Berkouwer, Toornvliet e.a.) | | 268, 255 |
| 88. | STEYN, H.S. Ds. | : | Uit 'n preek oor "Sonde", N.G. Kerk Studenteoord, Pretoria 12/5/74 | | |
| 89. | BERKOUWER, H.C. | : | | a.w., | 33 |
| 90. | DE BONDT, A. | : | | a.w., | 268 |
| 91. | Nederlandse Geloofsbelydenis Art. XIV, Formulierboek van die N.G. Kerk van S.A., | | | | 79 |
| 92. | DE BONDT, A. | : | | a.w., | 269 |
| 93. | Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XV, | | | a.w., | 80 |
| 94. | Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, | | | a.w., | 100 |
| 95. | BERKOUWER, G.C. | : | | a.w., | 121 |
| 96. | Ibid. | : | | | 131, 132 |
| 97. | Ibid. | : | | | 137 |
| 98. | Ibid. | : | | | 143 |
| 99. | POP, F.J. | : | | a.w., | 611 |
| 100. | BRUNNER, E. | : | Der mensch in Wiiderspruch, | | 186 |
| 101. | BERKOUWER, G.C. | : | | a.w., | 146 |
| 102. | Ibid. | : | | | 149,150 |
| 103. | CALVIJN, J. | : | Institusie II, VII, | | 12 |
| 104. | BERKOUWER, G.C. | : | | a.w., | 153 |
| 105. | Ibid. | : | | | 174 |
| 106. | Ibid. | : | | | 175-178 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 107. | BERKOUWER, G.C. | : | Dogmatische Studiën: De Zonde II, Wezen en verbreiding de zonde, | | 11 |
| 108. | Formulier van die Heilige Nagmaal, | | | a.w., | 26 |
| 109. | BERKOUWER, G.C. | : | De Zonde I, | a.w., | 180 |
| 110. | BAVINCK, H. | : | Gereformeerde Dogmatiek, III, | | 122 |
| 111. | BERKOUWER, G.C. | : | De Zonde I, | a.w., | 195 |
| 112. | Ibid. | : | | | 223, 224 |
| 113. | DE BONDT, A. | : | | a.w., | 269 |
| 114. | POP, F.J. | : | | a.w., | 623 |
| 115. | BERKOUWER, G.C. | : | De Zonde II, | a.w., | 12 |
| 116. | Ibid. | : | | | 13 |
| 117. | Ibid. | : | | | 14 |
| 118. | Ibid. | : | | | 17 |
| 119. | Ibid. | : | | | 49 |
| 120. | Ibid. | : | | | 53-55 |
| 121. | HEYNS, J.A. | : | In 'n gesprek, 14/3/1974 | | |
| 122. | BERKOUWER, G.C. | : | De Mens het Beeld Gods, Dogmatische Studiën, | | 23 |
| 123. | BERKOUWER, G.C. | : | De Zonde I, Dogmatische Studiën, | | 147 |
| 124. | Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XIV, Formulierboek, | | | | 79 |
| 125. | DE BONDT, A. | : | | a.w., | 270 |
| 126. | Nederlandse Geloofsbelydenis, Art XIV, | | | a.w., | 79, 80 |
| 127. | Dordtse Leerreëls III en IV, par 4, Formulierboek, | | | | 147 |
| 128. | Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XIV, | | | a.w., | 79 |
| 129. | BERKOUWER, G.C. | : | De Zonde II, | a.w., | 73 |
| 130. | Ibid. | : | | | 74 |
| 131. | Ibid. | : | | | 92 |
| 132. | Ibid. | : | | | 93 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 133. | GEEZINK, W. : | Gereformeerde Ethiek, Deel II, | | 168 |
| 134. | Ibid. : | | | 169 |
| 135. | FEENSTRA, J.G. : | Leer en Lewe | | 244 |
| 136. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. : | | a.w., | 150, 151 |
| 137. | FEENSTRA, J.G. : | | a.w., | 242 |
| 138. | Formulier van die Heilige Nagmaal, Formulierboek, | | | 27 |
| 139. | Ibid. : | | | 28 |
| 140. | LANGEVELD, M.J. : | | a.w., | 43 |
| 141. | WILBERS, P.E.J. : | | a.w., | 12 |
| 142. | a. WATERINK, J.J. : | Inleiding tot de Theoretische Pedagogiek, | | 438 |
| | b. WATERINK, J.J. : | Theorie der Opvoeding, | | 365 |
| 143. | WILBERS, P.E.J. : | | a.w., | 72 |
| 144. | LANDMAN, W.A. : | | a.w., | 122 |
| 145. | WILBERS, P.E.J. : | | a.w., | 72 |
| 146. | a. LANDMAN, W.A.: | | a.w., | 122 |
| | b. BOLLINGER, H.: | Das werden des Person, | | 161 |
| 147. | WILBERS, P.E.J. : | | a.w., | 77 |
| 148. | LANDMAN, W.A. : | | a.w., | 124 |
| 149. | BRILLENBURG WURTH, G. : | Mensbeschouwing en Maatschappelijk-werk, | | 60 |
| 150. | WILBERS, P.E.J. : | | a.w., | 113, 114 |
| 151. | Ibid. : | | | 168, 169 |
| 152. | ROSCAM ABBING, P.J. : | "Religieuze Volwassenheid." In: Volwassenheid : samengesteld door Prof. Dr. P.J. Roscam Abbing, | | 92 |
| 153. | LANGEVELD, M.J. : | | a.w., | 43 |
| 154. | LANDMAN, W.A. : | | a.w., | 129 |
| 155. | WILBERS, P.E.J. : | | a.w., | 114 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 156. GUNTER, C.F.G. | : | | a.w., | 355 |
| 157. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 115 |
| 158. LANDMAN, W.A. | : | | a.w., | 129, 130 |
| 159. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 117 |
| 160. LANDMAN, W.A. | : | | a.w., | 127 |
| 161. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 77, 78 |
| 162. Ibid. | : | | | 133, 134 |
| 163. LANDMAN, W.A. | : | | a.w., | 119 |
| 164. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 290 |
| 165. Ibid. | : | | | 281-283 |
| 166. Ibid. | : | | | 284 |
| 167. GUNTER, C.F.G. | : | | a.w., | 391 |
| 168. Ibid. | : | | | 342 |
| 169. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 290, 292 |
| 170. Formulier van die Heilige Nagmaal, | | | a.w., | 32 |
| 171. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 316 |
| 172. Ibid. | : | | | 405 |
| 173. VAN ZYL, P. | : | | a.w., | 203 |
| 174. BERKOUWER, G.C. | : | De Zonde I, | a.w., | 148, 149 |
| 175. WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 411 - 413 |
| 176. VAN DER STOEP, F. en O.A. | : | Didaktiese Oriëntasie, | | 113 |
| WILBERS, P.E.J. | : | | a.w., | 432, 433 |
| 177. Ibid. | : | | | 446, 447 |
| 178. Ibid. | : | | | 444 |
| 179. Ibid. | : | | | 413 |
| 180. Ibid. | : | | | 416 |